Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/DvFZcDRwY1I

Nuus vir die week

Sondag 3 Mei:

- Daar is Sondag ***slegs een*** erediens om 08:30. Die erediens word gelei deur ds. Marcel Floor.
- Twee volwassenes lê belydenis van geloof af en die doop word aan vier kindertjies bedien.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Ter approbasie:

Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente voorgehou. As diakens:

- Louise Welgens
- Phillip Jansen
- Philissa van der Walt

Donderdag 14 Mei:

- Ons nooi u hartlik uit na die Hemelvaartdiens Donderdag 14 Mei om 18:30.
- Die erediens word gelei deur ds. Marcel Floor.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Die familie en vriende van Georgina Barnard. Georgina het verlede week haar aardse wedloop voltooi.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- William en Marné Anderson wat belydenis van geloof aflê.

- William en Marné Anderson wat vir Björn Wallace en Mille Grace laat doop. Marlien Brink is hul trotse ouma.
- Byron en Tanya Lupton wat vir Ricardo laat doop.
- Rian en Elizabeth van der Merwe wat vir Lana laat doop. Bernard en Ilda van der Merwe is haar trotse oupa en ouma.
- Irene Hugo, Ineke du Preez en Annemaré de Kock wat die Ligtoring staproete (amptelik 337km) vanaf Mosselbaai tot Agulhas voltooi het.

Kontak die kerkkantoor:

Gebed vir die week:

Epos die kerkkantoor om by die Gebedsgroep aan te sluit

Indien jy die eNuus op jou selfoon lees, kan jy op die volgende skakel klik:
https://chat.whatsapp.com/JL7Os5H3dXU2CTR5nfIhPz

Mukhanyo

Mukhanyo Teologiese Skool gee eer aan God deur predikante en ander Christene in Afrika toe te rus. Hul bemagtig kerkleiers en lidmate deur hoë kwaliteit Bybels gebaseerde opleiding.

Jan de Beer is reeds vir 30 jaar by Mukhanyo betrokke en het onlangs 'n sertifikaat van hulle ontvang. Hartlik geluk, Jan! Mag die Here jou betrokkenheid by hierdie projek seën.

Stadbouerterugvoer

Uit en tuis

Evangelisasie
kursus
16 Mei | 09:00 - 12:00 | In die Kapel
01
Leer 'n maklike raamwerk
02
Leer die belangrikste Bybelverse
03
Leer hoe nuwe gelowiges versorg moet word
Bespreek teen Donderdag 14 Mei by die kerkkantoor

LAERSKOOL
KUIER
Vrydag : 22 Mei
18:00 tot 20:00
HOE KAN EK SEKER WEET DAT EK HEMEL TOE GAAN?
Kom speel saam met ons
"AMONG US"
in lewende lywe!!!
Nachos en Hot Chocolate
RSVP 19 Mei teen 10:00
063 758 3855 vir Errol by die Jeugkantoor

DOPPERSPELE
Kom kuier saam!
DOPPERGESELLIG BY DIE
DOPPERSPELE
16 Mei 2026
07:30 - 17:00
Sport | Kuierarea | Teetuin
www.dopperspele.co.za

Rooi4
-ORRELDUO-
Met Andrea Kayser-Mitas
en Isabelle van Rensburg
30 Mei 16:00

GOEIE NUUS! Ons koffiekarretjie met goeie koffie is amper klaar!

Barista Opleiding

Ons benodig **6** mense om as baristas opgelei te word.

Gesertifiseerd! Sit dit op jou CV

Die belangriste: dis iets is wat jy vir ons Here kan doen!

Kontak vir Ds Marcel

Kuierarea

BORG ITEMS - FASE 3

Implementeringsdatum: 31 Julie 2026

4 x Easy chairs	4 x R3 050
Koffietafel	R3 000
Staanlamp	R7 000
Mat	R8 600
1x Wingback chair	R10 500
1x Lang konferensietafel	R24 500

Maak asb. 'n inbetaling in die gemeente se bankrekening en gebruik die verwysing "Kuierarea - Item"

Vra jou vraag

Vraag 7: Mag of kan ek onderhandel ("bargain") met God?

Partykeer, wanneer hulle desperaat is, probeer mense met God onderhandel in 'n poging om uit hulle moeilike situasie te kom. Dan vra/sê hulle vir die Here: as U dit/dat sal doen (my lewe red, my gesond maak, die transaksie laat slaag) verbind ek my om iets besonders in ruil daarvoor te doen (ophou drink, my lewe aan U toewy, in die kerk te dien en so meer).

Mag ek as gelowige dit doen?

Antwoord:
In verskeie gevalle in die Bybel is dit mense wat met God probeer onderhandel. Hulle belowe iets in ruil vir 'n sekere voordeel wat die Here in sy almag kan laat gebeur. In party gevalle is dit vir hulle eie voordeel en in ander gevalle probeer hulle oor die voordeel van iemand anders onderhandel. In nie een van hierdie gevalle is daar egter enige sprake van "gelyke vennote" wat elkeen iets het om te bied en dan word daar saam ooreengekom oor 'n bepaalde uitkoms nie.

Volledige antwoord: https://drive.google.com/file/d/13jaRhwhLJb868P37tl_ynIqVvhfqXjuM/view?usp=sharing

---

Al die vrae en antwoorde op die gemeente se webblad beskikbaar:
https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Ander gemeentes se byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind.

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur 'n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.